
**5.1.035 Kerkplein** [Erf nommer 412]

Volksraadsitting in die Eerste Raadsaal



Hierdie is ‘n skets deur Charles Joseph Staniland van ‘n sitting van die Volksraad in die eerste Raadsaal. Die datum van die sitting is nie bekend nie. Behalwe vir President Kruger [tweede van links op die podium] is dit ongelukkig onmoontlik om die res van die Volksraad te identifiseer. Regs op die skets agter die afskorting is lede van die publiek, of heel moontlik lede van die pers. Oor elke Volksraadsitting is volledig in die koerante van daardie tyd berig.

Charles Joseph Staniland [1838-1916] het aan die Birmingham School of Art gestudeer en later ook aan die Royal College. Hy word veral onthou as illustreerder aan die Illustrated London News en ook by The Graphic. Dit is nie bekend of hy ooit self in Suid Afrika was nie en of hy foto’s gebuik het vir sy sketse nie.

Die stoele op die foto is die bekende Nommer 14 Bentwood-stoele. Die ontwerper van die stoele, en ook van die proses om hout so te buig, was Michael Thonet [1796-1871]. Sy fabriek was in Wene, die hoofstad van Oostenryk, en na sy dood in 1871 het sy seuns met sy werk voortgegaan.

In 1877 [V 1877/10/31] adverteer die bekende handelaar van Pretoria, Albert Brodrick, as volg:

**A. Brodrick.  No.1 Church Square**
Arriving by “Taymouth Castle”
Bentwood Furniture in Complete Sets direct from Vienna.
Drawings will arrive next post, when Suites can be selected at very low prices.

Dit lyk nie asof die meubels baie goed verkoop het nie.  Later [V 1878/04/16] adverteer hy dat hy ‘n gratis knipmes gee aan die kinders van enige persoon wat van die Bentwood-meubels by hom koop.

Bronne

Hol-01 Holm, A. & Viljoen, D.  1993.  **Mure wat praat: Verhaal van die ou Raadsaal en sy mense.**  Johannesburg: Chris van Rensburg Publikasies.  [foto p. 12]

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling  [Foto Kru-023]